P.M. 1.

2

**Kantoor van die Eerste Minister.** **Prime Minister's Office.**

| Goedgekeur deur Uitvoerende Raad. | Approved in Executive Council |
| --- | --- |
| Minute No. 1529 | |
| 26-5-1950 | |
| Klerk van die Uitvoerende Raad | Clerk of the Executive Council |

MINUUT No. ..........

15-4-1950

MINISTERS het die eer om Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal mee te deel dat die Internasionale Walvisooreenkoms, gesluit te Washington op 2 Desember 1946 en waarvan die Unie van Suid-Afrika 'n ondertekenaar is, onder andere voorsiening maak vir die daarstelling van 'n Internasionale Walvisvangskommissie wat sal bestaan uit verteenwoordigers van al die Moondhede wat ondertekenaars van die Ooreenkoms is.

MINISTERS het verder die eer om Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal mee te deel dat die tweede vergadering van die Internasionale Walvisvangskommissie op 15 Julie 1950 in Oslo 'n aanvang sal neem.

MINISTERS ag dit wenslik dat die Regering van die Unie van Suid-Afrika op die Kommissie deur dr. CECIL TIELMAN FRIEDRICH VON BONDE, Direkteur van Visserye, wat die Unie-regering op die eerste vergadering van die Internasionale Walvisvangskommissie verteenwoordig het, verteenwoordig word.

MINISTERS het gevolglik die eer om aan te beveel dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal mag behaag om die aanstelling van genoemde dr. CECIL TIELMAN FRIEDRICH VON BONDE as die verteenwoordiger van die Regering van die Unie van Suid-Afrika op die tweede vergadering van die Internasionale Walvisvangskommissie, en die uitreiking aan hom vir hierdie doel van geloofsbriewe deur Sy Edele die Eerste Minister en Minister van Buitelandse Sake, goed te keur.

D. F. Malan

| Approved in anticipation of the next meeting of the Executive Council. | By voorbaat goedgekeur in afwagting van die volgende vergadering van die Uitvoerende Raad. |
| --- | --- |

G. Brand van Zyl

15 APR 1950